

HOOFSTUK IV.

ONDERWYS IN DIE KROONKOLONIE: 1900-1906.

1. Onderwys gedurende die oorlogsjare, 1900-1902.

a. Die toestand na die uitbreek van die oorlog.

(1). Skole sluit weens kommandering.

Met die uitbreek van die verwoestende Tweede Vryheidsoorlog tussen die Boererepubliek en Brittanje op 11 Oktober 1899 het die verantwoordelikheid wat nie alleen op die ouer as burger van die staat nie maar ook op die jong seun en dogter gerus het om hulle aandeel te verrig in n styd wat alle krag en inspanning sou vereis, die onmiddellike gevolg gehad dat die meeste bestaande skole moes sluit. Soos in baie ander distrikte het die onderwysers ook weldra by die kommando's aangesluit.

Waar die Engelse aan die begin van die stryd van mening was dat slegs n paar maande nodig sou wees om die Boererepubliek op die knieë te bring, was hulle genoodsaak om hulle sienswyse te verander toe dit in 1900 vir hulle duidelik geword het dat hulle die weerstand wat hulle te wagte was, heeltemal onderskat het. Dit was nou duidelik dat die oorlog aansienlik langer sou duur, en daarom het die onderwys van die kinders in die konsentrasiekampe vanaf 1901 die aandag van die Britse owerhede geniet.

(2). Sargant die eerste Direkteur van Onderwys.

Die nuwe Engelse administrasie het reeds in die loop van 1900 n uitnodiging gerig aan die heer E.B. Sargant om sy dienste te verseker as organiseerder van die onderwys van die uitgebreide gebied wat so pas toe-

gevoeg is tot die Britse dominiums<sup>1)</sup>. Hy het in Kaapstad aangekom op 6 November 1900 en vasgestel dat die nuwe administrasie van Transvaal nog nie na Pretoria oorgeplaas was nie. Sy tweede bevinding was: "In the Transvaal I found that the Military Administration had made scarcely any provision for Education. At headquarters the whole attitude of the Staff was one of concentration upon the actual campaign and the postponement, as far as possible, of questions relating to civil life. Accordingly I received no encouragement to make offers of employment to certain men serving with the forces who had been school-board teachers at home"<sup>2)</sup>.

(3). Sargant tref klein privaatskooltjies aan.

Sargant het wel in sommige distrikte klein privaatskooltjies aangetref wat volgens sy bevinding aan die gang gehou is deur skoolgelde asook deur 'n fonds wat gestig is deur 'n komitee in Holland<sup>3)</sup>. Dit was die begeerte van genoemde Komitee dat die onderwys voortgesit moes word en wel in dieselfde gees as voor die uitbreek van die oorlog. Hierin kan ons dan ook baie duidelik reeds bespeur die begin van Christelike-nasionale onderwys. In die meeste gevalle was hierdie skooltjies in die hande van Hollander-onderwysers wat voorheen deur die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek in diens geneem is, en die medium van onder-  
rig was natuurlik Hollands.

b. Kampskole in Transvaal volgens die model van Groenpunt en Norvalspont.

Aangesien teen hierdie tyd die meeste families

- 
1. Report of the Director of Education of the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 1.
  2. Ibid., 3.
  3. Idem.

van die Boere wat die wapen opgeneem het, reeds in die kampe langs die vernaamste spoorweë gekonsentreer was, was daar feitlik geen kinders meer op die plase nie en het die steeds toenemende aantal kinders in die steeds groter wordende kampe Sargant genoodsaak om voorsiening te maak vir hulle onderwys. Gesterk deur die sukses van sy eksperimente met die Boerekampskool te Groenpunt en die skool vir kampkinders te Norvalspont het hy weldra orals kampskele opgerig. Die Direkteur sê in sy verslag: "The children flocked to the schools and the mothers who brought them were all content with the arrangement that the religious instruction should be given in Dutch and other lessons in English....The scholars themselves I found tractable and well-mannered, especially those who had been brought up in larger farmhouses far removed from the influence of the towns. The charges of want of cleanliness which have been sometimes levelled against a whole population are, in my judgement beside the mark; many of the scholars were neatly dressed, and showed a degree of personal care highly creditable in the circumstances of camp life"<sup>1</sup>).

(1) Die posisie teen November 1901.

Teen die einde van November 1901 het die getal van vlugtelingkinders in die kampskele op 8120 gestaan. Sargant se probleme wat hy moes oorkom om aan hierdie groot aantal kinders onderwys te verseker, was veelvuldig. Hy moes voorsiening maak vir die nodige onderwysers, aangesien die eerste onderwysers van oorsee eers na ses maande verwag kon word. Hy moes dus gebruik maak van persone uit die kampe, en hulle was baie min en meesal ongekwalfiseerd. Boeke en ander

---

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 4.

skoolgereedskap was dringend nodig, en tente en allerlei afdakke moes as klaslokale dien. "One school was opened in a grove of trees at some little distance from the tents of the refugees. Teachers volunteered for duty, the children brought small packing cases for seats, and mothers gathered round at a respectful distance. In another case the Concentration Camp had been pitched upon a racecourse. Our only possible accommodation was the grand stand; and for many months, in spite of wind and sun, the children grouped themselves on its singularly inconvenient benches to read their Dutch Bibles and to learn to speak English"<sup>1)</sup>.

(2) Personeel van die organiserende inspekteurs.

Die Superintendente in die kampe het hulle bes gedoen om vir die kinders onderdak sowel as voldoende banke te vind. Gewoonlik was daar baie ander werk in die kampe wat hulle aandag geverg het, sodat die pogings om die nodige akkommodasie te verkry dikwels gestrem is. n Personeel van organiserende inspekteurs is daarom benoem om die onderwys te reël, met mnr. J.H. Corbett as die verteenwoordiger vir Transvaal<sup>2)</sup>. Hy sou ook nog lank na die oorlog n belangrike rol as distriksinspekteur speel in die onderwys van Wolmaransstad.

(3) Verbetering in die algemene toestand vanaf 1902.

Vanaf die begin van 1902 het daar egter verandering begin intree in die onderwystoestande in die Transvaal. Die Direkteur van Onderwys sê dan ook: "In my opinion we had reached the end of our tether by the end of 1901. With the new year began the

---

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 8.

2. Idem.

steady influx of English teachers, first from Great Britain and then from all parts of the Empire.... a small number of excellent head masters were also imported"<sup>1)</sup>.

Die meeste skole was tot die kampe beperk. Daar het egter ook "vrye" of "skoolgeldheffende" skole ontstaan op al die belangrikste bevolkingsentra en selfs ook op verafgeleë dorpe wat reeds in die hande van die Engelse was<sup>2)</sup>. Volgens Departementele gegewens het die aantal kinders in die kampskole gedurende 1902 in Meimaand sy hoogtepunt in die Transvaal bereik, naamlik 17,213. Die grootste deel van die werk van die nuwe Transvaalse Onderwysdepartement in die eerste helfte van 1902 was dus saamgetrek in die kampskole<sup>3)</sup>.

Geen onderwysers is aangestel sonder kennis van Engels nie. Die leervakke is beperk tot Bybel, Engels Lees, Rekenkunde, Sang en "musical drill", wat dus saam die hele rooster van werksaamhede uitgemaak het. Die medium van onderrig was Engels, behalwe in die geval van Bybelse Geskiedenis wat deur medium van Nederlands gegee mog word.

## 2. Onderwys onder Kroonkoloniale bestuur, 1902-1906.

### a. Nuwe onderwyswetgewing van Sargent.

#### (1) Sy "Public Education Ordinance 1903".

Aanvanklik is die Direkteur se aandag deur soveel dringende sake in beslag geneem dat hy dit nie moontlik gevind het om sy onverdeelde aandag aan die nodige wetgewing te skenk nie. Onder die nuwe omstandighede het die laaste wetgewing onder die Republiek, die van 1892, in sy geheel opgehou om te bestaan en was daar n

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 8.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 73-74.
3. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 12.

behoefte aan nuwe wetgewing om die beleid van die nuwe administrasie te bepaal.

Eers gedurende 1902 kon Sargant die nodige wetgewing opstel, wat op 25 Februarie 1903 deur die Transvaalse Wetgewende Raad aangeneem is<sup>1)</sup>. Die Direkteur het by die opstelling van sy wet die volgende grondbeginsels in gedagte gehou<sup>2)</sup>:

- (a) Die behoefte aan die ontwikkeling van 'n vrye, nie-sektariese en nie-verpligte stelsel van goewerment-skole vir blanke kinders en aan staatsteun vir kinders van naturelle;
- (b) die verantwoordelikheid van die regering ten opsigte van die hele onderwysstelsel vanaf die laerskool tot by die universiteit;
- (c) erkenning van die plig van die staat om toesig te hou oor die standaard in privaatskole en van die mag van die regering om skole op te rig en te onderhou;
- (d) die uitoefening van deeglike toesig oor privaatskole deur middel van verpligte sanitêre inspeksie en die reg om te eis dat die kwalifikasies van onderwysers in privaatskole gelykwaardig sou wees aan die van die onderwysers in regeringskole;
- (e) voorsiening vir dogmatiese onderrig deur die predikant van die betrokke geloofsgroep gedurende skoolure, hoewel godsdiensonderrig onsektaries moes wees;
- (f) erkenning van Hollands as vak op versoek van die ouers tot 'n maksimum van vyf uur per week, insluitende twee uur Bybelonder-

---

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 22.  
2. T.E.D.: Report 1903, C5.  
Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 75-77.

rig;

(g) voorsiening vir die aanstelling van skoolkommissies maar slegs in raadgewende hoedanigheid.

(2) Die regulasies rakende die Onderwyswet van 1903.

Onder seksie 9 van die Onderwyswet van 1903 is in dieselfde jaar die nodige regulasies vir die praktiese uitvoering van die Wet uigevaardig.

(a) Samestelling, magte en pligte van skoolkommissies.

Die samestelling, magte en pligte van skoolkommissies, waaronder ook ouervergaderings genoem en omskryf word, is vasgelê in veertig regulasies<sup>1)</sup>, waarvan die vernaamste is<sup>2)</sup>: Die inspekteur van skole roël die verkiesing; die kiesers sal wees ouers en begunstigdes; die kandidato mag wees mans wonende binne die skoolarea; die aantal lede wissel tussen 5 en 12 met 'n dienstyd van een jaar en vergader minstens een maal per kwartaal. Die kommissie be-noem visitatore vir die skool, wat klagtes van ouers ondersoek met betrekking tot die aard van godsdiens-onderwys, die bekwaamheid van die onderwyser, die be-handeling van leerlinge, die algemene orde en toe-stand van die skool en dien die inspekteur van advies.

(b) Tipes van skole en vakindeling.

Die regulasies maak voorsiening vir die oprig-ting en behoor van laor-, middelbare en normaalskole.

---

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 76-82.

2. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 77-78.

Kinders mag op vierjarige leeftyd reeds die skool besoek en word dan tot die kindertuinafdeling toegelaat.

Die vakindeling in die laerskool is soos volg beplan<sup>1)</sup>:

<u>Kleinkinderskole.</u>	<u>Hoër afdelings van die Laerskole.</u>
Bybelse Geskiedenis.	Bybelse Geskiedenis
Engels lees en skryf.	Engels lees, resiteer, skryf.
Hollands lees en skryf.	Hollands lees, resiteer, skryf.
Rekenkunde.	Rekenkunde.
Aanskouingslesse.	Tekene.
Kindertuin.	Naaldwerk.
Naaldwerk.	Natuurstudie.
Tekene.	Aardrykskunde.
Sang.	Geskiedenis.
Liggaamsoefeninge.	Sang.
	Liggaamsoefeninge.

Hiernaas mag die elementêre kursus met goedkeuring van die inspekteur ook drie van die volgende vakke insluit: Handwerk, Tuinmaak, Huishouding, Elementêre Natuurwetenskap, Algebra en Meetkunde en n moderne taal. Wat die eksamenstelsel betref, het die regulasie bepaal dat dit individueel sou wees, op grond waarvan dan sertifikate van bekwaamheid uitgereik sou word.

b. Oprigting van staatskole op die platteland na die vredesluiting, Mei 1902.

Hoewel dit nog n geruime tyd sou duur voordat al die kinders en hulle moeders die kampskole sou verlaat - volgens statistiek uit die rapport van die

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 78.  
Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Publick Education 1900-1904, 32.



Direkteur van Onderwys het die kampskole finaal verdwyn in Desember 1902 - het die plaasskole na die vredesluiting weer hulle verskyning gemaak en moes onderwysers uit die kampskole oorgeplaas word na die plaasskole. Dit het heraanpassing vereis van veral die Engelse onderwysers, wat nou al aan die kamplewe gewoon geraak het en nou weer na eensame plase moes verhuis<sup>1)</sup>.

(1) Plaasskole neem die plek van kampskole.

In die reël is na elke plaasskool twee dames of een man gestuur. In ander gevalle was die reëlings om een Engelse onderwyser van oorsce saam met 'n Afrikaanse onderwyser op dieselfde plaasskool te plaas<sup>2)</sup>.

Die beleid van die owerheid was om die inwoners van die kampe na hulle huise te volg met onderwyser, tent, meubels en skoolmateriaal en om daar klein skooltjies te stig, min of meer soos in die kampe<sup>3)</sup>.

(2) Stelsel van organiserende inspekteurs met distrikshoofonderwysers.

Die Transvaal is verdeel in twaalf inspeksiekringe, met 'n organiserende inspekteur aan die hoof. Om die werk verder te vergemaklik, veral met die stigting van distrikskole, is die inspeksiekringe weer onderverdeel en sou die hoofonderwyser in sy omgewing optree as assistent-organiseerder wat die distriksinspekteur behulpsaam sou wees. Dit was die funksie van die distrikshoofonderwyser om: die stigting van skole in sy gebied aan te moedig; reëlings te tref vir voorwaardes waaronder skole geopen mag word; voorsiening te maak vir onderwysers en materiaal; aanvank-

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 17.
2. Coetzee: Geskiedenis van Onderwys in Potchefstroom 1838-1938, 228-229.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 82.

like wrywing by die oprigting van skole te probeer uit-  
skakel en saam te werk met skoolkommissies; te waak  
oor die gesondheid en belange van die onderwysers as-  
ook om inspeksiewerk deeglik uit te voer<sup>1)</sup>. Inspek-  
teur Corbett sê in sy rapport van 1903: "In the case  
of Wolmaransstad I was most fortunate that in my dis-  
trict headmaster was the Rev. E.J.J. van der Horst.  
I rested assured that under his searching eye the  
proper standards of morality and cleanliness would  
be obtained, and retained, by the hundred children  
lodging in hutment, in marquee, in tent, and in ruin-  
ed houses"<sup>2)</sup>

Ds. Van der Horst sou voortaan n belangrike rol  
speel in die onderwys in Wolmaransstad. Om met mnr.  
Corbett te spreek: hy sou sy stempel afdruk op die  
onderwys in die distrik en in die toekoms n besondere  
bydrae lewer tot die algemene vooruitgang van die  
onderwys.

### (3) Beleid van die Direkteur insake aanstellings.

In sy rapport beklemtoon die Direkteur die beleid  
van sy Departement dat Suid-Afrikaanse onderwysers  
wat voor en tydens die oorlog onderwys gegee het, nie  
uit die diens ontslaan sou word nie. Hy veroordeel  
die ongegronde opvatting wat daar in die verband  
moontlik kon bestaan het, en wys op wat inderdaad  
in die praktyk deur hom gedoen is deur selfs diegene

- 
1. Report of the Director of Education of the  
Transvaal and Orange River Colony Public  
Education 1900-1904, 17.
  2. T.E.D.: Report for the School year Jan.-Dec.  
1903, 10.

wat teen die Engelse geveg het in diens te neem<sup>1)</sup>.

(4) Struikelblokke nog in die weg van  
plattelandse onderwys.

Hoewel die onderwysbeleid gedurende 1903 hoofsaaklik daarop gemunt was om die nodige plattelandse onderwys te verskaf, was daar tog nog duisende kinders sonder onderwys<sup>2)</sup>. Dit was deels die gevolg van die wetlike verpligting dat daar minstens 30 leerlinge moet wees voor gratis onderwys verskaf word. n Verdere probleem wat die plattelandse onderwys gestrem het, was die trekgewoonte van die boere. In die dorpe het die arbeiders gekom en gegaan namate werkgeleentheid hom voorgedoen het. Die herhaalde droogtes het die boere in die omgewing van Wolmaransstad ook verplig om te trek na beter water en weiding vir hulle vee. Hierdie toestand het vanself meegebring die beleid van sentralisasie en die idee van koshuise en voer.

---

1. Report of the Director of Education in the Transvaal and Orange River Colony Public Education 1900-1904, 18.

Ek moet egter daarop wys dat die bewering van die Direkteur nie op die Wolmaransstadse distrik van toepassing is nie, aangesien van al die onderwysers wat volgens die tabel op bl. 63 hierbo vóór die oorlog in die Z.A.R. in diens was, slegs P. de Bruyn se naam verskyn en dan ook eers in 1907.

(vgl. die tabel van onderwysers en hulle skole op bladsy 121 hieronder)

2. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 81.

c. Staatskole in Wolmaransstad, 1902-1906.

(1) Skole geopen en gesluit gedurende 1903.

Die volgende tabel geneem uit die verslag van die Direkteur van Onderwys is n goeie weergawe van die stand van sake gedurende die jaar 1903<sup>1)</sup>:

Skool.	Gem. inskr.	Gem. skb.	Beskikbare akkommodasie.	Datum geopen.
Baviaanskrans	28	25	"Mafeking shelter"	Junie 1903
Brandewynskuil	43	37	"Mafeking shelter"	Febr.1903.
Cyferfontein	33	32	Markeetent	Nov.1903.
Doornpan	38	35	Gekeurde groot lokaal	Okt.1903
Kareeboschkuil	45	37	Steengebou	Aug.1903
Klipfontein	27	25	Gehuurde steengebou	Aug.1903
Lakensvlei	25	23	Markeetent	Maart 1903
Leeuwbosch	26	20	Gehuurde steengebou	Jan. 1903
Leeuwfontein	26	23	Gehuurde lokaal	? (Nie vermeld)
Wildebeestkantoor	16	15	-	Febr.-sluit Mei 1903
Witpoort	53	45	Steengebou	?(Nie vermeld)
Wolmaransstad	104	92	Hout en sink gebou met stene binne	Jan.1903
Wolvenspruit	36	31	Gehuurde klipgebou	Julie 1903
Zendelingsfontein	46	40	"Mafeking shelter"	Maart 1903
Zoutpan	14	14	-	?(Sluit in Mei 1903)

1. T.E.D.: Report 1903, Appendix A, 67-69.

(2) Verslag van die inspekteur van onderwys 1903.

(a) Skoolbesoek.

In sy rapport noem die inspekteur, mnr. Corbett, die volgende as oorsake van ongereelde skoolbesoek: Lang afstande van die skool af met slegte paaie; die tekort aan naturelle-arbeid op plase, waardeur dit dikwels noodsaaklik is vir die boere om hulle kinders gedurende die ploeg- en oestyd uit die skool te hou; armoede van die ouers, wat dikwels nie die nodige kos en klere kon voorsien nie; aansteeklike siektes; die aanwesigheid van digte mis gedurende die somermaande en die voorbereiding van die jongmense vir die aflegging van belydenis.

Nogtans beskou hy die gemiddelde skoolbesoek van 86% as besonder goed, as in gedagte gehou word dat daar geen verpligte skoolbesoek bestaan het nie<sup>1)</sup>. Die Direkteur van Onderwys sê in sy rapport: "The effect of the Camp Schools and indirectly of the war itself, had been to create a keener demand for education than had ever before existed in the Transvaal"<sup>2)</sup>, en: "The Dutch is without false shame which would affect an English youth who found himself reading from the same primer side by side with some very small boy"<sup>3)</sup>.

(b) Skoolkommissies.

In sy inspeksiekring het skoolkommissies slegs op Wolmaransstad, Christiana, Schweizer-Reneke en Klerksdorp bestaan<sup>4)</sup>. Die stelsel van skoolkommissies en hulle funksies is waarskynlik deur ouers nie goed begryp nie, en gevolglik het dit nog nie die ge-

---

1. T.E.D.: Report 1903, 23.

2. Ibid., 23.

3. Ibid., 7.

4. Ibid., 24.

wenste uitwerking gehad om inspekteur, distrikshoof-  
onderwyser en ouer bymekaar te bring nie. Die  
ouers het gemeen hulle het geen seggenskap nie.

(c) Skoolgeboue en terreine.

Volgens mnr. Corbett is die akkommodasie in sy  
kring onbevredigend, aangesien daar in sy hele kring  
slegs een skoolgebou bestaan het wat volgens sy oor-  
deel voldoen aan die vereistes ten opsigte van kon-  
struksie, lugruimte, lig en ventilasie. "In sixteen  
cases erections of a temporary nature are in use for  
school purposes. Most of these are Mafeking Shelters..  
The hutments at Hartebeestfontein, Wolmaransstad and  
Bloemhof are equally unsatisfactory"<sup>1)</sup>. Gedurende  
die jaar is erwe nommer 181, 182, 183, 188 en 189 op  
die dorp Wolmaransstad vir onderwysdoeleindes verkry<sup>2)</sup>.

(d) Verslag oor die leervakke in 1903.

Die inspekteur is tevrede dat rekenkunde in al  
die skole in sy ressort goed onderrig word, terwyl  
daar ook deeglike gebruik gemaak word van prentlesse,  
maar natuurstudie is ongelukkig deur slegs n paar on-  
derwysers aangedurf. Aan die onderwys van geskiede-  
nis is te min gedoen, terwyl aardrykskunde in die  
dorpskole en meeste plaasskole onderrig word. Tekene  
word aan die meeste dorpskole onderwys, terwyl sommige  
plaasskole ook baie geslaagde onderrig hierin gegee  
het. Naaldwerk is nie algemeen gegee nie, aangesien  
verskeie skole nie danks op die personeel gehad het  
nie en hulle in elk geval ook nie altyd bekwaam is  
om die werk te onderneem nie. Hoewel sang feitlik  
algemeen onderrig word, is daar baie min gedoen aan

---

1. T.E.D.: Report 1903, 14.  
2. Ibid., 105.

liggaamsoefening, wat aan die hitte van die somer en afkerigheid van die ouers toegeskryf moet word. Houtwerk is by geen skool ingevoer nie<sup>1)</sup>.

(3) Skole geopen en gesluit gedurende 1904.

Die volgende tabel gee n duidelike beeld van die posisie van die onderwys in Wolmaransstad gedurende die jaar 1904<sup>2)</sup>. Skole is geopen op Klipdrift, Doornbult en Uitkyk, terwyl Leeuwbosch in April en Leeuwfontein in Mei gesluit is en Lakensvlei oorgeplaas is na Rietfontein in die distrik Lichtenburg<sup>3)</sup>.

(Kyk op bladsy 83 vir tabel).

---

1. T.E.D.: Report 1903, 32.  
2. Ibid., 1904, Appendix H. 66 & 70.  
3. Ibid., 1 - 3.

Skool.	Insk.	Skool bes.	Perso- neel.	Salaris	Eksamenresultate.							Opmerkings.		Opmerkings.
					1.	2.	3.	4.	5.	6.	7.	Tot.	Slaag.	
Baviaanskrans	41.2	31.7	2	£ 310	5	4	1	2	-	-	-	12	5	
Brandewynskuil	22.	18.8	2	290	5	3	5	-	-	-	-	13	7	
Cyferfontein 251	42.6	39.8	2	350	7	-	8	-	-	-	-	15	15	
Klipdrift	30.5	27.6	1	120	-	-	-	-	-	-	-	-	-	Geopen in Okt.1904
Doornpan	38.4	35.6	1	180	-	-	-	-	-	-	-	-	-	Almal onder st.1
Doornbult 197	38.8	36.4	2	280	-	-	-	-	-	-	-	-	-	Geopen in Junie 1904
Kareeboschkuil	27.9	21.9	1	150	7	4	2	-	-	-	-	13	12	
Klipfontein	30.5	28.8	1	150	6	7	-	-	-	-	-	13	9	
Leeuwbosch	15.7	13.8	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	Gesluit in April 1904
Leeuwfontein	23.1	20.4	1	-	4	3	5	-	-	-	-	12	7	Gesluit in Mei 1904
Uitkyk	29.5	21.3	1	120	5	4	2	-	-	-	-	11	7	Geopen in Maart 1904
Witpoort	41.3	34	1	160	9	4	1	5	1	-	-	20	12	
Wolmaransstad	97.2	83	5	1090	15	20	13	6	-	-	-	54	43	
Wolvenspruit	28.5	21.5	1	180	3	4	-	-	-	-	-	7	6	
Zendelingsfontein	48.2	43.2	2	350	5	3	7	3	1	1	-	20	17	



(4) Verslag van die inspekteur van onderwys 1904.

(a) Algemeen.

Die standaard van die onderwys gedurende 1904 word deur die inspekteur, mnr. Corbett, beskou as baie hoër as die van die vorige jaar<sup>1)</sup>. Aan die einde van 1903 was n stander 7-leerling n uitsondering, terwyl daar nou reeds 34 was. In die plaasskole het die standaard egter aansienlik gewissel, wat deels ook daaraan toegeskryf moet word dat baie kinders weens hulle hoë leeftyd twee standerds in een jaar afgelê het. Hy het gevind dat die ouers oor die algemeen veel waarde heg aan die eksamenstelsel.

(b) Die vakke wat onderrig word.

Skrif:

Die duidelike verskil tussen die gehalte van die werk van die dorpskool en die van die plaasskole skryf Corbett toe aan die gunstiger posisie waarin die dorpskool verkeer ten opsigte van meubels en uitrusting. Hy beveel aan die gebruik van "philips semi-upright writing sheets and copy books" en "foreign note" as deurslagpapier<sup>2)</sup>.

Lees:

Hy was tevrede met die lees van Engels, veral as in aanmerking geneem word hoeveel dialekte deur die onderwysers gepraat word. Die leesboeke was geskik. Die lees van Hollands bly egter feitlik beperk tot die Bybel en Kinderbybel weens die gebrek aan leesboeke. Hy het baie moeilikheid ondervind om gekwalifiseerde Hollandse onderwysers te vind, omdat die opgevoede Afrikaner beter betrekings teen hoër salarisse kon bekom.

---

1. T.E.D.: Report 1904, 34.  
2. Ibid., 35.

Opstel:

Sy bevinding was dat onderwysers in die skrifte-  
like sowel as in die mondelinge werk in Engels baie  
belang gestel het. Hy lê nadruk op parafrase en  
moedig die gebruik van kort storieboeke aan. Hy er-  
ken dat die nasien van opstelle baie vermoeiend is,  
en stel as alternatief voor dat die opstel op die  
skryfbord geskrywe moet word, terwyl elke leerling sy  
deel bydra. Die onderwysers dring te veel aan op ab-  
soluut netjiese werk. Die kind behoort vryer te wees  
om self te skep, al is dit nie altyd so netjies nie<sup>1)</sup>.

Hollandse opstelle is oor die algemeen swak. Daar  
is geen goedkoop lektuur in die land te koop nie, en die  
kinders word ook te veel gedril in die taalreëls wat  
hulle tog nie kan toepas nie<sup>2)</sup>. Die Afrikaner-onder-  
wysers in sy ressort stuur dikwels groot bestellings  
vir Engelse grammatikaboeke, wat deur die inspekteur ge-  
weier is, omdat hy van oordeel is dat dit baie beter  
sou wees dat die Hollandssprekende kind die Engelse  
taal korrek kan gebruik as om grammatikareëls te leer.  
Redes vir die juiste taalgebruik sal mettertyd gegee  
kan word, nadat die gebruik dit eers laat wortel skiet  
het<sup>3)</sup>. Hy het van die standpunt uitgegaan dat die kind  
niks in Engels moes lees, voordra of sing tensy die be-  
tekenis daarvan ten volle begryp word nie. Die grootste  
struikelblok wat in die Engelse opstel oorkom moes word,  
is die kwessie van die tye van die werkwoord.

Rekenkunde:

Dit was oor die algemeen die swakste vak<sup>4)</sup>. Die  
dames is in die reël nie heeltemal op hoogte van die  
werk nie. Die leerplan is volgens sy oordeel te moei-

---

1. T.E.D.: Report 1904, 35.

2. Idem.

3. Idem.

4. Idem.

lik, en te veel word verwag. Tensy die st. 4-leerlinge van eenmanplaasskole weggeneem kan word, kan die onderwyser nie aan die vereistes van die leerplan voldoen nie.

Hoofrekene vorm n belangrike deel van die leerplan, en onderwysers het dan ook die nodige aandag daaraan geskenk. By party onderwysers het dit ongelukkig ontaard in die stel van raaisels, waarby die antwoord alles is en die rekenwerk niks nie. Slegs die opgeleide onderwysers skyn die doel van hoofrekene te begryp, nl. om geestelike inspanning aan te wakker en te help om n nuwe reël by die kind tuis te bring en om die verveling wat die roetine van n meganiese reël meebring, uit te skakel deur vinnige insig in die oplossing van n probleem aan te help<sup>1)</sup>. Die Afrikaner-onderwyser is geneig om groot getalle as noodsaaklik te beskou vir hoofrekene.

#### Natuurstudie.

Baie van die onderwysers maak gebruik van die pamflette wat kosteloos deur die Landboudepartement uitgegee word, en behaal dan ook gewoonlik sukses<sup>2)</sup>. Baie van die plaasskoolonderwysers maak n stokperdjie van tuinmaak, terwyl ander selfs n klein boerderytjie daarop nahou en die lesse sodoende baie meer prakties maak. Waar water beskikbaar is, verwag n mens mooi tuine, maar die kinders skyn so moeg te wees van tuinmaak tuis dat hulle n afkeer het daarin om by die skool ook nog tuin te maak.

#### Geskiedenis.

Mej. Synge se geskiedenisboek is gewild by onderwysers en leerlinge<sup>3)</sup>. Dit is veral geskik vir die ouer kinders wat op n gevorderde stadium van hulle

---

1. T.E.D.: Report 1904, 35.

2. Idem.

3. Ibid., 38.

lewe in die skool gekom het. Engelse geskiedenis word baie selde onderwys.

### Aardrykskunde.

Hierdie vak is in die meeste gevalle verwaarloos<sup>1)</sup>. In die dorp wag die skole vir die beloofde handboeke. Baie van die onderwysers is nog maar kort in die land, en dit kan dus kwalik van hulle verwag word om die vak gebaseer op eie en eerstehandse kennis te doseer. Die arme plaasskoolonderwyser is so besig met die leergang in lees, skryf en rekene dat hy baie min tyd beskikbaar het vir Aardrykskunde. Die inspekteur heg egter groot waarde aan Aardrykskunde vir die algemene ontwikkeling van die kind.

### Kindertuin.

In die dorpskool word hierdie werk redelik goed gedoen. Hoewel sommige onderwysers nie juis die doel goed begryp nie, is daar tog ander wat die beginsels van Froebel goed toepas. Op die plaasskole geniet hierdie werk nie aandag nie, omdat die onderwysers nie die kennis dra en ook nie die tyd het daarvoor nie. Min kinders onder die sewe jaar besoek die skool. Die ouers van groot Jan en bykans adolessente Sannie verkies dat alle aandag gegee moet word aan lees, skryf en reken<sup>2)</sup>.

### Tekene.

Hierdie vak word alleen met sukses onderrig in daardie skole waar die meubelment geskik en toereikend is. Die standaard is laag<sup>3)</sup>. Hoewel daar heelparty gekwalifiseerde onderwysers is, is hulle nie opgewasse om die voorskrifte van die leerplan uit te voer nie.

---

1. T.E.D.: Report 1904, 36.  
2. Idem.  
3. Idem.

### Naaldwerk.

Die vak word deur die meeste onderwyseresse goed onderrig. Daar word nie deur die inspekteur aangedring op baie fyn werk nie, en hy wil graag sien dat die seuns ook naaldwerk moet doen ter wille van die praktiese waarde wat dit besit<sup>1)</sup>.

### Sang.

Die tonic solfa-metode is feitlik orals in gebruik. Kinders, veral in dorpskole wat vroeg reeds die skool besoek, word in die reël goeie sangers en is geesdriftig oor musiek<sup>2)</sup>. Op die plase belemmer die seuns hulle stemme deurdat hulle te veel moet skree op die osse wat hulle moet dryf.

### Liggaamsoefening.

As gevolg van die ongewildheid van die vak by die ouers<sup>3)</sup> word die onderrig heeltemal verwaarloos.

### Houtwerk.

Die materiaal word verwag, aangesien dit reeds lankal bestel is. Op Wolmaransstad is reeds 'n onderwyser aangestel<sup>4)</sup> om die vak te onderrig sodra die materiaal ontvang is.

(5) Skole geopen en gesluit gedurende die tydperk Januarie 1905 tot Junie 1905.

Vanaf 1905 was dit die gebruik om die jaarverslae van die Direkteur te laat strek vanaf 1 Julie tot 30 Junie van die volgende jaar.

- 
1. T.E.D.: Report 1904, 36.
  2. Idem.
  3. Idem.
  4. Idem.

Die volgende statistiek toon die posisie wat bestaan het aan die einde van Junie 1905, met vermelding van skole geopen en gesluit gedurende die betrokke ses maande<sup>1)</sup>.

Skool.	Gen. Insk.	Gen. sk. bes.	Salarisse.	Opmerkings.
Baviaanskrans	41	27	£155.	Geopen 1905
Cyfertontein 53	10	10	-	
Klipdrift	29	26	£ 60.	
Doornbult	56	46	£123. 6.8.	
Doornpan	42	38	£120. 0.0.	
Kareeboschkuil	20	16	£ 61. 2.7.	Heropen 1905
Klipfontein	28	26	£ 73. 7.9.	
Leeuwfontein 143	19	18	£ 45. 0.0.	
Uitkyk	28	20	£ 75. 0.0.	
Witpoort	37	27	£105. 0.0.	
Wolmaransstad	72	58	£558.17.11.	
Wolvenspruit	40	22	£ 90. 0.0.	
Zendelingsfontein	46	39	£180. 0.0.	

Geen besondere rapport oor die inspeksiekring waarin Wolmaransstad val, is vir die bogenoemde ses maande uitgebring nie. Die aantal inspekteurs is verminder van 13 na 11 met die oog op besparing. Met dieselfde oogmerk is die distrikshoofonderwysers nou ook afgeskaf. Die vermindering van die aantal inspekteurs sowel as die afskaffing van distrikshoofonderwysers juis op 'n stadium toe goed gekwalifiseerde onderwysers nodig en nog besonder skaars was, was nie

1. T.E.D.: Report for the six months January to June, 1905, 21.

in die belang van die onderwys nie. Volgens die Direkteur van Onderwys was dit 'n noodsaaklike maar betreurenswaardige ekonomiese maatregel. Mnr. Corbett sou nog inspekteur bly van kring 8, wat Bloemhof, Wolmaransstad en Lichtenburg ingesluit het.

(6) Ontwikkeling van die onderwys gedurende die jaar Julie 1905 tot Junie 1906.

(a) Statistiek soos op 30 Junie<sup>1)</sup>:

Skool.	Gem. Insk.	Gem. sk. bes.	Personeel.	Opmerkings.
Baviaanskrans	37.4	30.1	1	
Brandewynskuil	27.5	16.2	1	
Cyferfontein 53	17.	15.4	1	
Doornbult 197	62.5	51.8	2	
Doornpan	24.4.	21.4	1	
Karkeeboschkuil	20.2	15.2	1	
Klipfontein	23.7	19.7	1	
Kliprif	25.7	24.1		Geopen Sept. 1905
Leeuwfontein	21.3	19.8	1	
Uitkyk	23.	18.9	1	
Vaalbank	26.7	23.5	1	Geopen Aug. 1905.
Witpoort	28.2	29.5	2	
Wolmaransstad	51.1	45.4	3	
Wolvenspruit	25.2	16.2	1	
Zendelingsfontein	40.4	33.6	2	

1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1906.

(b) Verlag van die inspekteur van onderwys.

Die inspekteur rapporteer dat daar tekens is dat die antagonisme teen die Engelse staatskool besig is om te verdwyn<sup>1)</sup>. Daar was genoeg laerskoolonderwysers vir die laer klasse maar nie vir die hoëres nie. Die meeste van die jong onderwysers was dames wat nog nie 'n opleidingskursus voltooi het nie, met die gevolg dat hulle oor die algemeen swak was in rekenkunde. Die inspekteur verkies mans in die hoër klasse van die laerskool. Plaasskole vergelyk dikwels gunstig met dorpskole waar elke onderwyser sy eie klas het. Die hoof van die eenmanskool is in die reël 'n opgeleide persoon en gewoonlik 'n gebore onderwyser.

Resitasies.

Hy is nie tevrede met die onderrig in Engelse resitasie nie; selfs die ingevoerde onderwysers stel hom hierin teleur<sup>2)</sup>.

Lees.

Hy is daarteen gekant dat die kinders by Engelse lees die Engels-Afrikaanse woordeboek moet gebruik. Die medium moet deurgaans Engels wees, en Hollands moes deur medium van Hollands gedoseer word.

Opstel.

Opstelwerk is vermoeiend, en onderwysers wil graag groter skryfbordruimte hê om uitvoering te gee aan die wenke van die inspekteur in sy vorige rapport<sup>3)</sup>.

Skrif.

Hy is nie tevrede met die peil van die skrif nie en is ten gunste van die gebruik van die Croxton Manifest-metode om die werk te verbeter.

---

1. T.E.D.: Report for year ended 30th June, 1906, 58.

2. Ibid., 59.

3. Idem.



### Bybelso Geskiedenis.

Hierdie vak word nie na die wens van die inspekteur onderrig nie. Baie onderwysers maak dit niks anders as 'n formele leesles uit die Bybel of Kinderbybel nie<sup>1)</sup>. Hy beveel aan dat Zahn's Bybel Geskiedenis aangevra word om die metode van onderwys te verander van 'n leesles na 'n mondelinge les.

### Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurstudie.

Die onderwysers is nog te veel gebonde aan die handboek. Slegs in die geval van een plaasskool was daar 'n kaart van die plaaslike omgewing op groot skaal en goeie papier geteken. Dit blyk dat daar nie 'n heldere doelstelling is by die onderwys van Aardrykskunde en Geskiedenis nie, en dit is dan ook die rede waarom daar so min bereik word. Die onderwyser stel hom in die reël tevrede met die meedeel van 'n klomp feite. Die kinders begryp baie selde die betekenis van al hierdie feite en onthou dit gevolglik ook nie.

Daar is geen korrelasie nie, en die moraal van die les bly ook agterweë. Hy wil graag groter korrelasie hê tussen hierdie drie vakke deur 'n boek te laat aanleë waarin uitknipsels wat in nuusblaaië en tydskrifte verskyn, ingeplak moet word<sup>2)</sup>. Daar moet van die omgewing uitgegaan word, en die kind moet hierdie vakke leer deur die omgewing te bestudeer. Hy spreek die mening uit teen die onderrig in slegs lees, skryf en rekenkunde.

### Tekene.

Die belangstelling in tekene neem toe by onderwysers en kinders. Goeie akkommodasie, wat gewoon-

---

1. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1905-1906, 60.

2. Die idee van plakboeke waarop inspekteurs deesdae aandring, het dus in die vroegste jare al aandag geniet.

lik by die plaasskole ontbreek, is egter noodsaaklik<sup>1)</sup>.

### Naaldwerk.

Hy is gekant teen fyn werk en waarsku daarteen. Naaimasjiene is noodsaaklik. Daar moet meer aan uitknipwerk en aanmekaarwerk van kledingstukke gedoen word, want dit besit praktiese waarde<sup>2)</sup>.

### Sang.

Hier het die prestasie meer as in enige ander vak gevarieer<sup>3)</sup>. Op alle skole word die vak gedoseer. Daar word egter weens gebrek aan kennis baie tegniese foute begaan. Op die dorpskool was die sang goed.

### Liggaamsoefening.

Gebrek aan opgeleide onderwysers asook die hitte buite die klaslokaal beperk die moontlike onderrig in n vak wat reeds ongewild is by die ouer en die kind.

## 3. Die C.N.O.-beweging in Wolmaransstad, 1903-1906.

### a. Die ontstaan van die C.N.O.-beweging.

Een van die gevolge van die oorlog was dat baie van die onderwysers, veral Hollanders, wat in die dae van die Republiek in die Transvaal onderwys gegee het, nou in groot gebrek verkeer het<sup>4)</sup>. n Stelsel van verengelsing is deur die veroweraars op die bevolking afgedwing. Hierteen het die gees van die verowerde in opstand gekom. n Kommissie wat homself "Vriendenkring"<sup>5)</sup> genoem het, is in Junie 1901 in Pretoria gestig. Teen die einde van 1902 het die "Vriendenkring" oorgegaan in n breër kommissie tot die behartiging van

1. T.E.D.: Report for the School year 1905-1906, 60.
2. Ibid., 61.
3. T.E.D.: Report for the year ended 30th June, 1906, 61.
4. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 95.
5. Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in Tvl., 25.

"Christelik Nasionale Onderwys na die goos en aard van die onderwys volgens die ou onderwyswette van die S. Afr. Republiek"<sup>1)</sup>.

Vanaf 1903 het begin hierdie uiters belangrike beweging wat deur Professor Coetzee kernagtig saamgevat word as "die beweging vir Vrye Christelik Nasionale Skole, vry van beheer en inmenging van die kant van die nuwe Engelse owerheid en Christelik Nasionaal in gees en strekking: n onderwys wat wou voortbou op die verlede, op die godsdiens, die taal, die geskiedenis en die kultuur van die oorwonne Boerenasie"<sup>2)</sup>.

#### b. C.N.O. in Wolmaransstad.

Die C.N.O.-tydperk in Wolmaransstad neem n aanvang met die koms van ds. E.J.J. van der Horst, predikant van die N.H. of G. Kerk. Hy het in Julie 1903 die beroep na die Wolmaransstadse gemeente ontvang. Hy was voorheen op Bloemhof, waar hy werksaam was vanaf 1902, en is op 8 Augustus 1903 in Wolmaransstad bevestig<sup>3)</sup>. Net soos te Bloemhof het hy hom die taak van die opvoeding besonder aangetrek, en sy stempel is vir die volgende jare baie duidelik afgedruk op die onderwys in die dorp en die distrik.

Uit n persoonlike mededeling van ds. Van der Horst kan vasgestel word dat die posisie by sy aankoms te Wolmaransstad uiters haglik was. Hy deel mee dat alle geboue, insluitende die huidige pastorie, nog in verlate en onherstelbare afgebrande toestand gestaan het. Die Engelse was doelbewus daarop uit om skole te stig waardeur ons kinders verengels moes

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 95.

2. Ibid., 95-96.

3. Persoonlike mededeling van ds. Van der Horst.

word. Hulle het geen geld ontsien om hulle doelstelling te laat slaag nie. Hierteenoor het ons verarmde mense gestaan met feitlik geen middel tot hulle beskikking om die stryd aan te knoop nie. Hoewel geldelik verarmd tog was hulle geestelik verryk deur die pasafgelope stryd. Dit was nie nodig om die mense oor te haal tot die nuwe stryd nie, want hulle was regdenkend en het in opstand gekom teen die beleid van die owerheid.

c. Die C.N.O.-skool op Wolmaransstad.

Aan die hoof van die staatskool het in 1903 gestaan mnr. J. King as hoof, met mej. Whitehead as assistente. Die skoolgebou was geleë op die plek waar die Besembos-koshuis tans nog te sien is<sup>1)</sup>. Hierdie gebou is sedert 1952 omgeskep in skoolraads-kantore. Spoedig na ds. Van der Horst se koms is n vergadering belê en die stigting van n C.N.O.-skool op die dorp as teenwig teen die staatskool bespreek. Die grond is van die kerk verkry, en die skooltjie is langs die pastorie opgerig. Die mense het bygedra tot die oprigting van die gebou deur daaraan te werk. So het onder andere W. Boshoff klippe en grond aangery; Piet van Rensburg het die messelwerk gedoen, terwyl genl. Sarel du Toit en Mias Geyer ook hulp verleen het<sup>2)</sup>. Die skool is aan die begin van 1904 geopen met J.L. du Preez as hoof. Hy is later opgevolg deur W. de Greeff.

d. C.N.O.-skole in die distrik.

Verskeie C.N.O.-skole is ook in die distrik opgerig. Op Doornpan onder andere is n vergadering ten

---

1. Persoonlike mededeling van ds. Van der Horst.

2. Idem.

huise van Manie le Roux belê, deur ds. Van der Horst, waar onder meer teenwoordig was George le Roux en Piet le Roux, met die doel om 'n C.N.O.-skool op te rig en 'n gebou te verkry. Dié organiseerder van die staatskole, H.A.W.Hesse, wat die Regering verteenwoordig het, was ook op genoemde vergadering aanwesig om daar te vernem dat oom Manie le Roux nou sy waenhuis, waarin die staatskool gehuisves was, aanbied as skoolgebou vir 'n C.N.O.-skool. Op hierdie vergadering het ds. Van der Horst reguit gepraat en gesê: "As die Engelse kinders wil hê om op te lei kan hulle self aanteel maar nie ons kinders nie"<sup>1)</sup>.

Die skool op Wildebeestkantoor het in Mei 1903 gesluit as staatskool en is vervang deur 'n C.N.O.-skool. Op Klipfontein het Gerty Yeld, skoonsuster van ds. Van der Horst, baie gedoen om die gees van die skool te verbeter. Te Kareeboschkuil het kommandant Martiens van Rensburg 'n C.N.O.-skool begin, terwyl J.C. Theunissen 'n C.N.O.-Onderwyser te Witpoort was<sup>2)</sup>.

Op 15 Maart 1903 is 'n C.N.O.-skool geopen op Wolvenkop in dieselfde gebou waarin die skool voor 1900 bestaan het, 'n gebou wat gelukkig nie gedurende die oorlog afgebrand is nie<sup>3)</sup>. Die skool het geval in die wyk van ouderling P.Venter, met onderwyser H.J. du Plossis, en dit het gedurende 1905 20 kinders gehad. In die wyk van ouderling L.J. Fouché het 'n privaatskool met 4 kinders en met mej. M.M.Fouché as onderwyseres bestaan<sup>4)</sup>.

---

1. Persoonlike mededeling van ds. Van der Horst.

2. Idem.

3. Het Kerkblad, Zondag 15 Mei 1904.

4. Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Z.A., 1905, 74-75.

In 1906 tref ons n C.N.O.-skool aan op Rietvallei, met 22 kinders en onderwyser H.J. du Plessis, terwyl daar ook nog n privaatskool op Bezuidenhoutskraal was met 6 leerlinge en onderwyser W.A.J. Venter<sup>1)</sup>.

Op die meeste plekke in die distrik waar staatskole bestaan het, het C.N.O.-skole ontstaan, maar weens die geweldige finansiële las kon laasgenoemde skole nie hulle aanvanklike houvas bly handhaaf nie. Die onvermydelike gevolg was dat die meeste C.N.O.-skole gedurende 1906 gesluit moes word<sup>2)</sup>.

-----oooOooo-----

- 
1. Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Z.A., 1906. Die skool te Wolvenkop is waarskynlik oorgeplaas na Rietvallei met dieselfde onderwyser.
  2. Persoonlike mededeling van ds. Van der Horst.